CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

# ORDEREËLS
# VIR DIE
# VIRTUELE VERGADERINGS
# VAN DIE
# RAAD
# VAN DIE
# STAD KAAPSTAD

**LET WEL:** **HIERDIE REËLS IS AANVULLEND TOT DIE BESTAANDE ORDEREËLS VAN DIE RAAD**

Latest version as amended by
Special Council on 30 Junie 2020

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.

# ORDEREËLS
## VIR DIE
# VIRTUELE VERGADERINGS
## VAN DIE
# RAAD
## VAN DIE
# STAD KAAPSTAD

**LET WEL: HIERDIE REËLS IS AANVULLEND TOT DIE BESTAANDE ORDEREËLS VAN DIE RAAD**

**INHOUDSOPGAWE**

**ORDEREËLS VIR DIE VIRTUELE VERGADERINGS VAN DIE MUNISIPALE RAAD VAN DIE STAD KAAPSTAD**


| **REËL** | | **BLADSYNOMMER** |
|---|---|---|
| | | |
| 1 | WOORDOMSKRYWING | |
| 2 | TOEPASSING VAN DIE REËLS | |
| 3 | VERTOLKING | |
| 4 | KENNISGEWING EN PLEK VAN VERGADERING | |
| 5 | OPENBARE KENNISGEWING VAN VIRTUELE VERGADERING | |
| 6 | KWORUM | |
| 7 | BESLUITE EN STEMMING | |
| 8 | DEBATSBESTUUR | |
| 9 | WYSIGING VAN AANBEVELINGS WAT OP DIE VERGADERING VOORGESTEL WORD | |
| 10 | VERWYDERING OF UITSLUITING VAN RAADSLEDE | |
| 11 | FASILITERING VAN DIE PUBLIEK EN DIE MEDIA SE BETROKKENHEID | |
| 12 | VOORREGTE EN IMMUNITEITE | |

**ORDEREËLS VIR VIRTUELE VERGADERINGS**
**VAN DIE MUNISIPALE RAAD VAN DIE STAD KAAPSTAD**

## 1. WOORDOMSKRYWING

In hierdie reëls beteken –

'*hierdie reëls*' die *reëls vir virtuele vergaderings* wat deur die Raad vir die hou van virtuele vergaderings goedgekeur is.

'*ordereëls*' die *ordereëls vir vergaderings van die munisipale Raad van die Stad Kaapstad* wat op 5 Desember 2019 deur die Raad goedgekeur is.

'*virtuele vergaderings*' vergaderings van die Raad wat gehou word by wyse van enige vorm van tegnologie wat deur die Stad se departement IS&T ondersteun word en waartoe raadslede toegang het.

## 2. TOEPASSING VAN DIE REËLS

2.1 Die ordereëls bly van krag en word aangevul deur hierdie reëls om vir virtuele vergaderings van die Raad voorsiening te maak.

2.2 Hierdie reëls sal uitgebrei word na die Raad se artikel 79- en 80-komitees en in hierdie verband in hulle afsonderlike ordereëls opgeneem word.

## 3. VERTOLKING

3.1 'n Verwysing in die reëls na 'n vergadering van die Raad is nie beperk tot 'n vergadering van lede wat almal of waarvan enige lid op dieselfde plek teenwoordig is nie en enige verwysing na 'n '*plek*' waar 'n vergadering gehou of gehou gaan word, sluit 'n verwysing na meer as een plek in, insluitende elektroniese, digitale of virtuele liggings soos internetliggings, webadresse of telefoonnommers wat vir konferensie-oproepe gebruik word.

3.2 Enige verwysing in die reëls na 'teenwoordig/teenwoordigheid' op 'n vergadering sluit teenwoordigheid deur middel van afstandsbywoning in.

3.3 'n Lid wat 'n vergadering vanaf 'n afstand bywoon, is by daardie vergadering teenwoordig wanneer daardie lid ten tye van 'n vergadering in staat is om op die dag van die vergadering by die digitale platform in te skakel en om:

(a) die ander lede wat die vergadering bywoon te hoor en waar prakties uitvoerbaar te sien en om deur die ander lede wat die vergadering bywoon gehoor en waar prakties utivoerbaar gesien te word,
(b) enige lede van die publiek wat daarop geregtig is om die vergadering by te woon om 'n reg uit te oefen om op die vergadering te praat, te hoor en waar prakties uitvoerbaar te sien en deur daardie lede van die publiek gehoor en waar prakties uitvoerbaar gesien te word, en

(c) deur enige ander lede van die publiek wat die vergadering bywoon, gehoor en waar prakties uitvoerbaar gesien te word.

3.4 Die teenwoordigheid van ’n lid ingevolge subreël 3.3 sal as bewys vir die bywoningsregister beskou word.

3.5 ’n Vereiste in die prosedurereëls dat ’n vergadering vir die publiek oopgestel moet wees, word nagekom indien –

(a) die vergadering regstreeks op die webwerf van die Raad gestroom word; of
(b) die notule van die vergadering opgeteken word en sodra moontlik na afloop van die vergadering op die webwerf van die Raad beskikbaar gestel word.

## 4. KENNISGEWING EN PLEK VAN VERGADERING

4.1 Die speaker moet ’n kennisgewing en agenda vir ’n virtuele vergadering uitreik en dit moet die datum en tyd van die vergadering insluit;

4.2 Alle dokumente van die vergadering moet versprei word op ’n elektroniese wyse waartoe lede toegang het; en

4.3 Die plek van ’n virtuele vergadering sal beskou word as Stadslokale wat vir sulke vergaderings in die Stad Kaapstad geïdentifiseer word.

## 5. OPENBARE KENNISGEWING VAN VIRTUELE VERGADERING

5.1 Die Stadsbestuurder moet aan die publiek kennis gee van elke virtuele vergadering van die munisipale raad.

5.2 ’n Openbare kennisgewing van die Stad se virtuele vergadering moet –

(a) aandui dat die vergadering virtueel is en dat daar geen fisiese lokaal vir die vergadering is nie;
(b) beskryf hoe lede van die publiek toegang tot ’n rekord van die vergadering kan kry; en
(c) ’n telefoonnommer of e-posadres verskaf waar lede van die publiek bykomende inligting kan bekom oor hoe die Stad die vergadering hou en hulp kan kry oor hoe om die rekord van die vergadering te vind.

## 6. KWORUM

6.1 In ’n virtuele vergadering: –

(a) sal die kworumvereistes dieselfde wees as dié wat in die ordereëls bepaal word; en

(b) lede wat toegang verkry het tot die vergadering via die beveiligde skakel wat na hul e-posadres gestuur is, sal geag teenwoordig te wees met die doel om 'n kworum saam te stel, 'n besluit te neem of oor 'n saak te stem.

## 7. BESLUITE EN STEMMING

7.1 Die speaker moet die aanvang van stemming en die agenda-item waaroor gestem word, aankondig voordat enige saak tot stemming gebring word.

7.2 Lede sal daarop geregtig wees om hul stem elektronies of met die hand uit te bring.

7.3 Slegs lede wat teenwoordig is wanneer 'n stemming verklaar word, sal toegelaat word om te stem.

7.4 Sodra die stemming afgehandel is, moet die speaker aankondig dat die stelsel gesluit is.

7.5 Die speaker moet die uitslag van 'n stemming aankondig en dit moet in die notule opgeteken word.

## 8. DEBATSBESTUUR

8.1 Debatte sal volgens die speaker se lys bestuur word en slegs daardie raadslede op die speaker se lys sal 'n reg kan uitoefen om op die vergadering te praat.

8.2 Punte van orde of duidelikheid moet by wyse van die kitsboodskap(IM-)funksie in die debat gestel word. Die speaker sal na sy of haar goeddunke die aanhoor van sulke punte toelaat. Nienoodsaaklike gebruik van die kitsboodskap(IM-)funksie soos klagtes en algemene geselsies kan geag word die ordelike verrigtinge in die Raad te versteur en volgens die tugregulasies soos vervat in die algemene ordereëls hanteer word.

8.3 Mikrofone moet te alle tye afgeskakel wees, tensy 'n lid deur die speaker versoek word om te praat.

## 9. WYSIGING VAN AANBEVELINGS WAT OP DIE VERGADERING VOORGESTEL WORD

9.1 Die speaker moet die administrasie versoek om die wysiging wat deur 'n raadslid voorgestel word, vir oorweging op die skerm te vertoon en die voorsitter sal 'n sekondant aanvra sodra dit regtens geverifieer is.

## 10. VERWYDERING OF UITSLUITING VAN RAADSLEDE

10.1 Die speaker van die raad kan raadslede verhinder om via die virtuele platform te praat indien hulle in stryd met reël 29 en 30 van die hoof-ordereëls optree.

## 11. FASILITERING VAN DIE PUBLIEK EN DIE MEDIA SE BETROKKENHEID

11.1 Die media moet toegang tot die Stad se digitale platform hê om oop verrigtinge te kan bywoon.

11.2 Wanneer die raad besluit om die publiek en media van ’n virtuele vergadering uit te sluit, moet elektroniese toegang tot die vergadering opgeskort word sodat die hele vergadering of ’n deel daarvan vir die publiek en media gesluit word.

11.3 Notules van alle oop vergaderings sal op die Stad se amptelike webwerf beskikbaar gestel word.

## 12. VOORDELE EN IMMUNITEITE

12.1 Raadslede geniet dieselfde voorregte en immuniteite wat hulle normaalweg tydens fisiese verrigtinge van die raad geniet.

---o00o---